Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za
- **Besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue

Kampterreine:

- **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Magaliesberg Jeugkampterrein: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

24 Junie 2016
Nr 23/2016

Sinodale nuus

Sinodesitting 10-14 Oktober 2016

Aangeheg is 'n **belangrike inligtingstuk** in verband met die sinodesitting. Doen asseblief moeite om op die keer-datums te reageer. [Lees hier verder...]

Bybel-lees met 'n verskil

Volgende byeenkoms vind op *27 Junie 2016* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: *Pieter Viljoen* sal die gesprek lei, en versoek dat almal **Lukas 10:1-11, 16-20** sal voorberei.
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Indiening van gemeentes se finansiële state

Baie dankie aan die gemeentes wat reeds hulle finansiële state soos op 29 Februarie 2016 ingedien het. *Julle word daaraan herinner dat die state binne 4 maande na afsluiting van die finansiële jaar ingedien moet word*.

- Ons versoek dus vriendelik, dog dringend, dat dié uitstaande state so spoedig moontlik gestuur word aan Naomi van Wyk, by naomi@noordsin.co.za.

Armoede word aangespreek

- Belangstellendes kan gerus die volgende webtuistes besoek: *http://www.diacafric.co.za/* en *http://hugenote.com/*.
- Vir verdere navrae kan **Braam le Roux** gekontak word by: 083 452 5963, e-pos akleroux@telkomsa.net.

DIAC Afric
DIEN IN GOD SE MISSIE
SERVING IN GOD'S MISSION

Kolleganuus

Beroep / bevestiging:

Arno Meiring (*Skuilkrans*) is na Universiteitsoord se residensiële deel toe beroep.
Nicky Hattingh het die beroep na **Sanddrift** aanvaar en word op Sondag, *17 Julie 2016* in die gemeente bevestig.
Chris Lötter (*Waverley*) het die beroep na **Rayton** aanvaar en word op *31 Julie 2016* daar bevestig.

Cassie Carstens [emeritus] verhuis:

Cassie skryf soos volg: *"Ek verhuis DV einde Junie na Leeuwfontein Estates, ten ooste van Pretoria (naby die ou Baviaanspoort. Ek en my suster (Lorraine) en swaer Dvid gaan op haar seun se kleinhoewe (21ha) bly -- in die bundu = rooibokkies, bloukraanvoëls, bosveldbome. My landlyn verval. Ek bly nou net op my selfoon = 082 463 0460. My posadres wysig na Posbus 960, Derdepoortpark 0035.*
Die opruim en weggooi en inpak na 28jaar in Wierdapark was terapeuties en op kolle baie moeilik. Om afskeid te neem van die "ou hande" is uiters moeilik. Ek skakel DV in by die NG Gemeente Kameeldrif".

❖ **Verjaarsdagwense:** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

26/06 AG Munnik [Emeritus, 014-715 2985]
28/06 Jannie du Plessis [Northam, 082 603 2863, leraarnortham@mtnloaded.co.za]
Eddie de Waal [Daspoort, 076 604 9177, eldugar@gmail.com]
29/06 Tienie Bosman [Suidoos-Pretoria, 083 627 5086, tienie@stellastraat.co.za]
Attie van Niekerk [Emeritus, 082 856 1942, attievn@gmail.com]
****
25/06 Ansie van den Heever [Eldoraigne, 012-654 2342, vdhj100@gmail.com]
29/06 Anneke Steyn [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]
30/06 Lindy Alice Bootha [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
Lourens Grobler [Pierneef, 076 841 1568, paullet@ngkpierneef.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Mootvallei: Zama-Zama vakansieprogram -** *11-15 Julie 2016*

Zama-Zama NGO is baie opgewonde om 'n vakansieprogram te hou vir die jeug van die weste van Pretoria, tussen die ouderdom van 7-13 jaar. Ons gaan saam poppekas hou, sing, lag, dans, speletjies speel, movies kyk en kuns doen.

Datum: 11-15 Julie 2016 - 09:00-14:00 (elke dag)
Plek: NG Mootvallei (Op die hoek van Louis Trichardt en Morgan strate)
Kontakpersone: Dr Jan Botha – 076 481 5683; Jan-Mari Du Toit – 071 687 0357; Dr. Retha Kruidenier – 082 413 8462
[Daar sal vervoer wees vanaf Laerskool Generaal Beyers en weer terug in die middae, indien jy nie self vervoer na NG Mootvallei het nie.]

❖ **Universiteitsoord vier fees**

Die **23ste Tuks Kaskarfees** vind op *22 Julie* vanaf 13:00 – 22:00 plaas.
Kom deel in die pret en die verskeidenheid varsprodukte, eetgoed en snuffelware wat te koop sal wees.
Die fees vind op die kerkterrein van Universiteitsoord [hoek van Duxburyweg en Heroldstraat] oorkant die UP-kampus plaas.
Vir meer inligting kontak Petra by die kerkkantoor: 012 362 0663.

Algemene Sinode

❖ **Appelle t.o.v. die Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudinge**

Die Algemene Sekretaris, Gustav Claassen, het onlangs soos volg aan die predikante geskryf:

"Jy het kennis geneem van die ingewikkelde proses rondom die hantering van appèlle. Leemtes in die Kerkorde maak dit nie moontlik om appèlle gemaklik te hanteer nie. Die rede hiervoor is dat daar sekere tegniese beperkings op die Kerkorde is. Na oorweging van advies is daar op die volgende proses besluit ten opsigte van die tegniese aspekte van die appèlle:

• Die ASM adviseer dat ongekontamineerde ATR sekundi, dit wil sê, sekundi wat nie by die Algemene Sinode 2015 was nie of wat self 'n appellant is, 'n appèlliggaam kan vorm vir die hantering van appèlle. Dit moet gedoen word om die moontlikheid van prejudisering te voorkom.
• Die appèlliggaam sal saamgeroep word deur die Aktuarius van die Algemene Sinode en sal spoedeisend deur die ASM goedgekeur word.
• Die appèlliggaam sal versoek word om so spoedig moontlik te konstitueer en al die appèlle in behandeling te neem.
• Die kantoor van die Algemene Sekretaris sal met jou kommunikeer oor die vordering van die proses.

Op Nelis van Rensburg se vorige ope uitnodiging ten opsigte van wenke oor hoe die proses rondom appèlle gehanteer kan word, is daar voorstelle ontvang. Ná oorweging van voorstelle en wenke is daar besluit om voort te gaan met die proses soos hierbo beskryf word.."

❖ **NG Kerk en World Council of Churches**

Nelis Janse van Rensburg (voorsitter van die NG Kerk se Algemene Sinode Moderamen [ASM]) en **Gustav Claassen** (algemene sekretaris) is tans op besoek aan Noorweë, waar hulle die vergadering van die Sentrale Komitee

van die Wêreldraad van Kerke (WRK)/World Council of Churches (WCC) in Trondheim bywoon. Die Sentrale Komitee is die uitvoerende liggaam van die WRK en vergader elke twee jaar. Die aanvaarding en terugverwelkoming van die NG Kerk as as volle lid in die WRK is een van die besprekingspunte op die agenda. [*Berig met dank oorgeneem uit Vrydagnuus, amptelike nuusbrief van Wes-Kaapland*]

** **Foto's**: links is Gustav besig om Nelis met 'n selfoon of twee af te neem tydens Woensdag se vergadering. Die ander fotos is van Nelis te midde van eeue oue argitektuur en tradisie

Op besoek aan Nederland

Nelis en Gustav het ook in Nederland besoek gebring aan die voorsitter, onder-voorsitter en nuwe algemene sekretaris van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN).
Hulle het onder meer ook die Protestantse Teologiese Universiteit en die Christelijke Hoge-school Ede (CHE) besoek waar die PKN opleiding aan kerklike werkers gee. Dit is vergelykbaar met die model wat tans by die Hugenote Kollege ontwikkel word. Die sentrum van die PKN wat verantwoordelik is vir verdere opleiding van predikante, asook lidmate en kerkraadslede, was ook deel van hulle agenda. ** **Foto regs:** Die CHE se studentesentrum van binne.
[*Berig met dank oorgeneem uit Vrydagnuus, amptelike nuusbrief van Wes-Kaapland*]

Ander nuus

CLF-nuus

Lewensveranderende materiaal met die druk van 'n knoppie ...

Christelike Lektuurfonds stel bekend 'n App waar jy gratis toegang tot lewensveranderende materiaal kry. Die Boodskap van die Bybel word op 'n byderwetse en relevante wyse oorgedra en spreek omstandighede aan waarmee jy dalk mag worstel. Lees die Boodskap op jou slimfoon of tablet, deel die Boodskap met jou vriende op sosiale media en leef hierdie Boodskap uit waar jy ookal gaan.
Laai Christelike Lektuurfonds af in die AppStore. Tik 'CLF' in die soekblokkie.
Beskikbaar vir beide Android en Apple fone.
** Indien jy enige probleme ondervind met die aflaai van die App, skakel gerus met Christelike Lektuurfonds redakteur, Bernard van Niekerk, by 021 873 6973

Internasionale Vigskonferensie: 18-22 Julie 2016

Geloofsgemeenskappe het 'n belangrike rol om te speel, en die aspek sal spesifieke aandag kry by die "**Faith on the Fast Track PreConference**" wat op *16 & 17 Julie* in Durban plaasvind. **CABSA** werk saam met die 'Ecumenical Advocacy Alliance' van die Wêreldraad van Kerke om 'n besondere en uitdagende konferensie te reël.

- Gemeentes wat op enige manier by hierdie belangrike saak betrokke is, word uitgenooi om deel hiervan te wees.
- Inligting oor die konferensie en ander geloofsgebaseerde aktiwiteite is beskikbaar by http://www.iacfaith.org

'Winterhoop' 2016

Vir meer inligting oor die projek asook vir 'n lys van aflaaipunte en bankbesonderhede besoek: www.winterhoop.org/

Sentrum vir Kontekstuele Bediening

Verskeie **kursusse** word aangebied - Besoek www.ccm.up.ac.za of skakel 012-420 4952.

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- Politieke onrus.
- Almal wat gedurende die vakansie op die pad sal wees.
- Versoening.
- Munisipale verkiesings 3 Augustus.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Stellastraat (Suidoos-Pretoria) – Vakature: Orrelis**
Die orrelis is verantwoordelik vir die sang en musiek tydens die eerste oggenddiens en ander geleentheidsdienste. Begeleiding op die pyporrel is die vertrekpunt. Die orrelis is verantwoordelik vir die kreatiewe uitbou en ontwikkeling van die musiek by die eerste diens en moet as deel van 'n span kan funksioneer. Vergoeding onderhandelbaar volgens die riglyne van die Suid Afrikaanse Kerkorrel Vereniging (SAKOV)

- Sluitingsdatum vir aansoeke: *24 Julie 2016*
- Navrae: Dawn Taljaard (na 19:00) 0832571246; Marina de Wet 0825052616; James Kirkpatrick 0828527947

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**

Ten slotte

Sku vir foto's? ... kliek hier

BYLAES

Sinodesitting 10-14 Oktober 2016
Inligtingstuk 1

Datum: Maandag 10 – Vrydag 14 Oktober 2016

Plek: Weesgerus net buite Modimolle

Tema: Die SDR-vergadering van 26 Februarie vanjaar het *HOOP* as deurlopende tema goedgekeur. Die bedoeling is dat die gesprekke, besprekings en ander gebeure tydens die vyf dae instrumenteel daartoe sal wees dat die hele sinodesitting 'n boodskap van hoop sal dra.

Agenda: Die SDR het ook by die Februarie-vergadering soos volg oor die agenda besluit:

> *Die SDR besluit dat die volgende sake as prioriteite in die skema van werksaamhede vir die 2016 sitting van die Noordelike Sinode sal wees:*
>
> *1. Rol en funksie van die verband.*
> - *Hieronder inbegrepe is die gesprek oor die funksionering van die Algemene Sinode (frekwensie en grootte van vergaderings, wyse van afvaardiging) en ons eie vorderring met die verband tussen ringe en die Sinode (inklusiwiteit in teologiese*

gesprekvoering en die funksionering van die Sinode, funksionering van die pos van direkteur, opdragte oor afbestuur van begroting en beginsels daaromheen).

2. Deeglike hantering van die reeds bestaande verslae en dokumentasie oor Skrifgebruik en Skrifhantering.

3. Missionale transformasie soos deur die AS as versoek aan Sinodes gerig.

- *By die bespreking sal 'n deeglike besinning oor die konsepte gevoer kan word en die begrippe missionaal en missiologies weer aan die orde kan kom.*

4. Selfdegeslagverhoudings.

- *Reaksies van kerkrade en ringe oor die AS besluite sal hier aan die orde kom.*

5. Gesprek oor ons situasie in ons samelewing.

- *Hieronder sal sake soos rassisme, onderwys en spesifiek ons tersiêre inrigtings en die kerk se publieke getuienis aan die orde kan kom. Hier spesifiek sal die moderatuur ringe moet raadpleeg oor sake van belang.*

6. Geleentheid om gesprek te voer oor die uitdagings van die funksionering van gemeentes en tendense in ringe.

Gemeentes is welkom om kommentaar en voorstelle oor die agenda nie later nie as 31 Julie per e-pos aan die direkteur te stuur.

Die agenda sal in die tweede helfte van September aan die ringskribas besorg word vir verspreiding aan die afgevaardigdes.

Afgevaardigdes:

Die sinode word saamgestel volgens art. 32 van die kerkorde van die NG Kerk en bep. 32 van die kerkorde van die Noordelike Sinode. Elke gemeente is geregtig om sy afvaardiging soos volg saam te stel:

- *Al sy leraars en 'n gelyke aantal ouderlinge/diakens vir elke afgevaardigde leraar, maar by elke gemeente behoort minstens een leraar en een ouderling/diaken (met sekundus) afgevaardig te word.*
- *Vir elke afgevaardigde moet daar 'n sekundus aangewys word.*
- *In die geval van 'n vakante leraarspos, of waar geen leraar afgevaardig word nie, kan 'n gemeente wel in ooreenstemming met KO art 33.1.1 'n ouderling/diaken (met sekundus) afvaardig.*
- *Waar 'n predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken (met sekundus) vir die predikantspos afgevaardig word*
- *Indien 'n gemeente minder as sy volle getal leraars afvaardig, kan 'n medeleraar as sekundus vir 'n ander leraar afgevaardig word.*
- *Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem nie.*

Geloofsbriewe (sien aanhangsel) moet asb. nie later nie as 31 Julie 2016 elektronies aan Hermien by die Sinodehuis gestuur word. 'n Oorspronklike kopie van die geloofsbrief wat deur die voorsitter en skriba onderteken is, moet daarna aan die ringskriba besorg word, wat dit weer op sy beurt aan Hermien by die sinodehuis moet besorg. Getekende geloofsbriewe moet die Sinodehuis asb. nie later nie as Vrydag 23 September bereik.

Foto's: 'n Paspoortfoto van elke afgevaardigde (insluitend sekundi) sowel as sy/haar noemnaam, selfoon en e-posadres, moet asb. saam met die elektroniese weergawe van die geloofsbrief, nie later nie as 31 Julie aan Hermien gestuur word.

Etes: Die sinode dra die vervoerkoste van die afgevaardigdes, die verblyfkoste by Weesgerus, die koste van die vergaderlokale sowel as alle ander kostes rakende die reëlings van die sinodesitting. Soos die gebruik is, betaal die gemeentes die etes van hulle afgevaardigdes. Vanjaar beloop dit R1250 per afgevaardigde. Gemeentes word versoek om die geld nie later nie as 30 September in die sinode se rekening in te betaal. Merk dit asb. duidelik: "Gemeentenaam Etes Sinode".

Verblyf: Afgevaardigdes gaan in die chalets tuis. Die hele oord is egter tot ons beskikking en daarom is daar ook die moontlikheid om te kampeer. Afgevaardigdes wat van hierdie opsie gebruik wil maak, moet asb. nie later nie as 31 Julie vir Hermien dienooreenkomstig in kennis stel.

Vervoerkoste: Ter wille van koste en ons ekologiese besorgdheid, vra ons dat afgevaardigdes asb. saam sal ry. Daar word aanvaar dat elke predikant en sy/haar afgevaardigde kerkraadslid saam in een motor sal ry. Waar dit egter moontlik is dat meer as twee mense wel saam kan ry, sal dit hoog op prys gestel word. Eisvorms moet asb. tydens die sitting by die ringskribas afgehaal word en weer aan hulle terugbesorg word. Die ringskriba word dan versoek om asb. 'n globale eis vir die ring in te stel en dit dan na uitbetaling, aan die betrokke eisers te besorg.

Predikante wat oorlede is: Gemeentes word gevra om die name van predikante en oud-predikante van die gemeente, asook van ander NG predikante wat tydens hulle afsterwe in die grense van die gemeente gewoon het, voor 31 Julie aan Hermien te stuur.

Uitstalling: Daar gaan weer uitstallings by die sinodesitting wees. Die bedoeling is dat uitstallings vir ons 'n kykie sal gee in hoe daar hoop gebring word in ons sinodale gebied. Uitstalruimte is ongelukkig baie beperk en gemeentes wat belangstel om deel te wees hiervan, moet die direkteur asb. nie later nie as 31 Julie kontak.

Navrae: Hermien Swart (koördineerder) – 012 440 6525 / hermien@noordsin.co.za
Johan Kruger (saakgelastigde) – 012 440 6525 / johan@noordsin.co.za
Paul Grobler (direkteur) – 082 653 5734 / paul@noordsin.co.za

Terug

Geloofsbrief

Die *Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente* ..... het by sy vergadering van ..... 20 ..... die volgende persone aangewys as sy **afgevaardigdes** na die aanstaande vergadering van die *Noordelike Sinode* wat gehou sal word op *10-14 Oktober 2016* te Weesgerus,

Modimolle*:*

- **Leraar(s) van hierdie gemeente**:

Volle name en van: .....

Noemnaam: .....…… Selfoon: ……..……..…… E-pos: .....

[Voeg bykomende persone in soos nodig]*

- **Oudelinge/diakens**

Primarius (primarii)

Volle name en van: ……..…… [*Oudl / Diak*]

Noemnaam: ....……..…. Selfoon: ……..……..…… E-pos: .....

[Voeg bykomende persone in soos nodig]*

Sekundus (sekundi)

Volle name en van: ..... [*Oudl / Diak*]

Noemnaam: ....……..…. Selfoon: ……..……..…… E-pos: .....

[Voeg bykomende persone in soos nodig]*

Hierdie afgevaardigdes het opdrag om op die genoemde vergadering die Kerkraad in alles te verteenwoordig en aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, namens die Kerkraad deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God en die Belydenis en die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Met toebidding van Gods rykste seën op die werksaamhede van die vergadering.

Geteken ..... [Voorsitter] ..... [Skriba]

Datum ..... 20 .....

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*

- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*
- ***Jan Viljoen*** *[081 241 0676 of 012-310 9114, dsJanViljoen@gmail.com]*

Terug

Teologiese studente en proponente:
** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*
** Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.*

Ten slotte

Terug